# LAERSKOOL MIKRO

***… waar kind nog kind kan wees …***

Telefoon: 021 –903 2126 | Spruitstraat | Posbus 53
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za | Kuilsrivier | Kuilsrivier
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za | 7580 | 7579


16 Augustus 2022

Beste Ouers

Die meeste kinders onder 14-jarige ouderdom het deesdae hul eie selfone en toegang tot toepassings ("apps") waarvan ouers dalk nie eers bewus is nie. Om vir 'n kind 'n selfoon te gee sonder enige grense en opvoeding, is so goed soos om vir die kind 'n gelaaide wapen te gee en die opdrag te gee dat hy mooi daarmee moet speel. Soms weet ouers nie eers op watter toepassing ons kinders speel/beweeg nie.

Het u geweet Whatsapp, TikTok, Facebook, Twitter, Instagram ens. het 'n ouderdomsbeperking? Sou u kind sonder u medewete, onvanpaste boodskappe of foto's van hul selfone stuur, sal u volgens wet ten volle verantwoordelik gehou word.

Baie onlangs was dit oral in die media van 'n 12-jarige Britse seun wat vanaf April tot Augustus aan lewensondersteuningsmasjiene gekoppel was. Sy ouers moes op 6 Augustus 2022 toekyk hoe die masjiene, teen hulle wil, afgeskakel word. Archie Battersbee het 'n breinbesering opgedoen nadat hy deelgeneem het aan 'n aanlyn uitdaging op TikTok. Aanlyn-uitdagings is alombekend onder ons tieners.

Dit bly ouers se verantwoordelikheid om kinders op te voed oor die korrekte gebruik van 'n selfoon. ***Daarom neem Mikro verantwoordelikheid om 'n geleentheid te skep om ouers in te lig. By hierdie geleentheid gaan welbekende spreker, Rachelle Best, die toepassing ("app") wat sy ontwikkel om ons kinders beter te beveilig teen die gevare op sosiale media, aan ons ouers bekendstel.***

**"FYI Play it Safe"** is deur Rachell Best ontwikkel as 'n addisionele veiligheidsnet wat al u kind se aanlyn aktiwiteite monitor vir moontlike gevaarlike situasies op die selfoon. Die toep waarsku die ouer met die korrekte inligting indien u kind op gevaarlike aanlyn terrein beweeg. Moenie hierdie gratis geleentheid op **Donderdag 25 Augustus 2022 om 18:30 by Laerskool Mikro** misloop nie! Vir meer inligting kontak gerus ons Maatskaplike Werker, Leana Sutherland of Adjunkhoof, Annarie Spreeth by (021) 903-2126.

Vriendelike groete

____________________

L.C. Mouton
SKOOLHOOF

*Voltooi asb. die onderstaande afskeurstrokie en stuur dit terug skool toe teen Vrydag 19 Augustus 2022.*

✂ - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**RACHELLE BEST: PRAATJIE 25 AUGUSTUS 2022**

Ons/Ek, ____________________________, ouer van ____________________________

in gr. ______________

woon graag die geleentheid by. ☐

Kan nie die geleentheid bywoon nie. ☐

HANDTEKENING VAN OUER: ________________________ DATUM: ____________